higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 3

XX FEBRUARIE 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 A
1.2 A
1.3 C
1.4 A
1.5 C
1.6 D
1.7 C
1.8 C
1.9 A
1.10 A

[10]

VRAAG 2

2.1 Misdaad
2.2 Versag
2.3 Modus operandi
2.4 Teikenkwesbaarheid
2.5 Gevallestudie

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 E
3.2 D
3.3 B
3.4 C
3.5 A

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 Waar
4.2 Onwaar
4.3 Waar
4.4 Waar
4.5 Waar
4.6 Onwaar
4.7 Waar
4.8 Waar
4.9 Onwaar
4.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Om skool by te woon.
- Om ’n beroep te beoefen.
- Sportdeelname as sosialisering.
- Om met vriende uit te gaan.
- Om godsdienstige aktiwiteite by the woon.

5.2
- Om in gebiede te woon waar misdaad in hoë mate voorkom
- Om laat saans uit te gaan.
- Om waardevolle items te dra of te vertoon, soos duur juweliersware, selfone of skootrekenaars.
- Deelname aan riskante gedrag, byvoorbeeld alkohol- en dwelmmisbruik, rylopery of om saamrygeleenthede te aanvaar van mense wat hulle nie ken nie.
- Om geen gesinslede of vriende te hê wat 'n ogie kan hou of kan help indien nodig nie.

5.3 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Korrupsie verwys na enige handeling waar 'n persoon 'n vertrouensposisie gebruik om op oneerlike manier daarby te baat, byvoorbeeld omkopery deur polisiebeamptes of deur fakture te 'kook' ten einde 'n agterafbetaling te kry.✓
'n Studie wat in 2007 deur TNS Research Surveys gedoen is, het aangedui dat byna 90% van die respondente van mening was dat korrupsie 'n lewenswyse in Suid-Afrika geword het, en 85% het geglo dat daar korrupsie op senior vlakke in die regering was.✓
Korrupsie het ook ’n maklike uitweg geword, byvoorbeeld, verkeersbeamptes vra soms omkoopgeld as alternatief tot die betaling van 'n regmatige boete deur die oortreder.✓
In baie gevalle betaal die bestuurder van die voertuig die omkoopgeld, wat die persepsie skep dat hierdie korrupte praktyke aanvaarbaar is en nie 'n misdaad wat aangemeld behoort te word nie. ✓

Kopiereg voorbehou

5.4 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Mense se lewens en hul lewensgehalte word geraak deur hul sosio-ekonomiese situasie, wat insluit indiensneming, die infrastruktuur in 'n gemeenskap, soos gesondheidsorg, skole, paaie, water en elektrisiteit, en lewenstandaarde van die mense wat in die gemeenskap woon. Mense wat in landelike, onderontwikkelde gebiede woon, se lewenstandaard en lewens-gehalte is laer as dié van mense wat in ontwikkelde stedelike gebiede woon.✓
Dit is danksy die beskikbaarheid van infrastruktuur, soos krag, paaie, telefone en betroubare vervoer. Die gebrek aan polisiekantore in landelike gebiede asook die geografiese ligging van sommige van hierdie polisiekantore kan dus mense se toegang tot die dienste wat die polisie bied, beperk.✓
In hierdie verband is die afstand wat mense na die naaste polisiekantore moet aflê, en die beskikbaarheid van vervoer om daar te kom, twee faktore wat die misdaadaanmeldingskoers kan beïnvloed.✓
Mense wat in landelike, onderontwikkelde gebiede woon, is boonop dikwels onopgevoed en oningelig oor hul regte en die prosedure wat hulle moet volg as hulle 'n misdaad wil aanmeld. Dit kan tot gevoelens van hulpeloosheid lei.✓
Boonop vertrou hulle dalk nie sosiale instellings soos die staat en polisie nie, veral as hierdie instellings as korrup beskou word.
Mense wat werkloos en onopgevoed is en beperkte toegang tot basiese infrastruktuur het, kan die lewe uitdagend vind. Hul stryd om te oorleef het tot gevolg dat die aanmelding van misdaad nie so 'n groot prioriteit is nie. Hulle sal dus nie juis 'n poging aanwend om 'n misdaad aan te meld as hulle nie maklike toegang tot polisiekantore het nie.✓

(5 × 4) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Bekkersdal. (1)

6.2 Thabang Wesi (1)

6.3 Meer as drie (1)

6.4 Minister van Polisie✓ en die Nasionale Kommissaris✓ (2)

6.5 Ernest Diphikwe,✓ Thabiso Nkitsing✓ Ikageng Keailketsi✓ en Lebogang Molape ✓. (Enige 2 × 1) (2)

6.6 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Herhaaldelike viktimisasie verwys na voorvalle waar mense in 'n beperkte tyd meer as een keer deur misdadigers geviktimiseer word. Navorsing dui daarop dat sekere mense of groepe meer vatbaar is vir herhaaldelike viktimisasie as gevolg van hul persoonlike eienskappe en gedrag, soos alkohol- en dwelmmisbruik, asook hul sosiale situasie, byvoorbeeld, enkellopendes is meer vatbaar vir misdadige viktimisasie weens hul leefstyl, soos waar hulle woon. Mense wat byvoorbeeld in gebiede met 'n hoë misdaadsyfer woon, loop 'n groter risiko om geviktimiseer te word. Die verhouding met die oortreder speel ook 'n rol, byvoorbeeld in die geval van huishoudelike geweld en misbruik.✓

Die doel van slagoffersteundienste is om emosionele ondersteuning en praktiese bystand te verleen om die sielkundige skok en trauma van misdaad-viktimisasie te verminder. Dit kan bereik word deur misdaadslagoffers vir berading en ander professionele dienste te verwys, soos om 'n sielkundige te besoek. Hierdie ondersteuningstelsels help misdaadslagoffers om praktiese en emosionele gevolge van misdaadviktimisasie te hanteer.✓

Slagoffersteundienste kan help om herhaaldelike viktimisasie te voorkom en te verminder deur misdadigers te adviseer en hulle na 'n voorkomende leefstyl te lei, asook deur bewustheid van die risiko's van misdaad te skep. Navorsing dui daarop dat leefstyl as 'n risiko vir misdaadviktimisasie kan optree. Steundienste is derhalwe belangrik, omdat hulle misdaadslagoffers bemagtig om verantwoordelikheid vir hul lewens te aanvaar en sodoende stappe te doen om herhaaldelike viktimisasie te voorkom.✓ (10)

6.7 **Aantekening aan die nasiener:**
Ken 'n punt aan enige DRIE (3) van die volgende toe.

- Waarom is hierdie bepaalde persoon geteiken?
- Hoe is die persoon geteiken, of was die persoon 'n slagoffer van omstandighede?
- Wat is die moontlikheid dat die persoon lukraak 'n slagoffer kan raak (met ander woorde opportunisties)?
- Watter risiko het die oortreder geloop deur die misdaad te pleeg?
- Hoe is die slagoffer benader, bedwing en/of aangeval?
- Wat was die slagoffer se waarskynlike reaksie op die aanval? (Enige 2 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

6.8 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Die omgewing waarin mense in interaksie tree, is 'n faktor wat tot slagofferkwesbaarheid bydra. Sekere gebiede in die omgewing bevat meer misdadige aktiwiteite, wat die risiko van misdaadviktimisasie verhoog.✓

Studies het bevind dat misdaad meer in stedelike as landelike gebiede voorkom. In hierdie verband het Suid-Afrika se 2006/2007-misdaadstatistiek aangedui dat 72,7% van al die rooftogte van verswarende aard in swart townships soos Tembisa, Mamelodi East, Khayelitsha, KwaMashu en Umlazi gepleeg word, asook in sentrale sakegebiede. Dit is omdat stedelike gebiede dikwels gekenmerk word deur groot informele nedersettings waar armoede en werkloosheid geld. Dit is moeilik om hierdie gebiede te polisieer, omdat daar dikwels geen straatligte, strate of identifiseerbare adresse is nie. Die gebrek aan hierdie infrastruktuur dra tot slagofferkwesbaarheid by.✓

Research dui ook daarop dat die armste woongebiede die hoogste viktimisasierisiko het. Dit kan wees omdat diegene wat arm en/of werkloos is, geen ander keuse het as om in misdaadvatbare gebiede te woon nie, soos die binnestad, informele nedersettings en die sentrale sakedistrik.✓

Mense wat naby misdaadvatbare gebiede woon, is ook meer kwesbaar vir misdaadviktimisasie. Byvoorbeeld, mense wat naby informele nedersettings woon waar armoede en werkloosheid hoog is, loop die risiko om 'n slagoffer van inbraak en roof te word. In teenstelling hiermee loop mense wat in hoë-inkomstegebiede woon, die risiko om slagoffers van gewelddadige kapings en residensiële rooftogte te word. Hulle het dikwels beter veiligheidstelsels, wat daartoe lei dat misdadigers geweld gebruik om te kry wat hulle wil hê.✓
Vermaaklikheidsplekke waar mense sosialiseer, is dikwels ook vatbaar vir misdaad. Die gebruik en misbruik van alkohol lei daartoe dat mense makliker teikens vir viktimisasie word. 'n Groot aantal begeerlike items, soos motors, is ook beskikbaar in 'n gesentraliseerde gebied.✓ (10)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 7

Aantekening aan die nasiener:
Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Navorsing dui daarop dat misdaadvoorkomingsinisiatiewe, ten einde effektief te wees, multidimensioneel moet wees en aan die spesifieke behoeftes moet voldoen wat in die gemeenskap geïdentifiseer is. Misdaadvoorkomingstrategieë behoort die volgende benaderings in te sluit:

Individuele benaderings
Individuele benaderings sluit in maatskaplike ontwikkelingsprogramme wat fokus op, byvoorbeeld, sosiale vaardighede, lewensvaardighede, aggressiebestuur, die oplossing van maatskaplike probleme en konflikoplossing. Hierdie programme behoort jong mense wat geweldsmisdade pleeg, in staat te stel om 'n positiewe en realistiese begrip van hulself en hul verantwoordelikhede te ontwikkel. Aggressiewe gedragspatrone behoort vervang te word deur sosiaal aanvaarbare gedragspatrone.✓

Verhoudingsbenaderings
Jong mense ontvang die opdrag om ’n eie identiteit te ontwikkel en emosionele bande met of gehegtheid aan vriende, lede van die teenoorgestelde geslag, hul gemeenskap en die samelewing oor die algemeen te vorm. Dit is 'n belangrike ontwikkelingstaak omdat die vermoë om sterk bande te vorm as beskerming dien wat gewelddadige gedrag sal voorkom. Sterk bande word gekenmerk deur ’n begrip vir ander mense se gevoelens of 'n aanvaarding van verantwoordelikheid vir die regte en behoeftes van ander mense. 'n Program vir die voorkoming van aggressiewe misdade behoort dus verhoudingsgesentreerde benaderings in te sluit, waardeur jong mense gemotiveer word om prososiale portuurverhoudings te vorm en sin vir sosiale verantwoordelikheid jeens hul gemeenskap asook die samelewing oor die algemeen te ontwikkel.✓

Gemeenskapgebaseerde benaderings
Ingrypings op hierdie vlak het ten doel om die omgewing te verander waarin jong mense se interaksies plaasvind. Die strategieë wat in hierdie benadering gebruik word, sal fokus op die skepping van buitemuurse aktiwiteite vir jong mense, soos jeugklubs, en sport-, kulturele en kunsprogramme. Gemeenskapsgebaseerde benaderings het verder ten doel om risikofaktore in die gemeenskap te hanteer, soos bendeaktiwiteite en die beskikbaarheid van alkohol en dwelms vir die jeug.✓

Samelewingsbenaderings
Hierdie benaderings poog om die sosio-ekonomiese en kulturele faktore aan te roer wat geweld en jeugmisdaad aanmoedig. Programme sluit in inisiatiewe vir die bestryding van armoede, openbare-inligtingveldtogte om prososiale gedrag te bevorder, gemeenskapsregenerasie en gemeenskapgebaseerde misdaadvoorkomingsinisiatiewe.✓ (20)
[20]

OF

VRAAG 8

8.1 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Sielkunde is die studie van normale en abnormale menslike en dieregedrag. Sielkundiges probeer om menslike denke en gedrag te verstaan en sin daaruit te maak. Hulle bestudeer individuele en sosiale gedrag, emosies en idees in 'n poging om te verstaan hoe mense met mekaar konnekteer en op die wêreld reageer. Daar is verskillende spesialiseringsgebiede in sielkunde, waarvan twee forensiese en kriminele of misdaadsielkunde is.✓

Kriminele en forensiese sielkundiges werk op die terreine van misdaad en die reg. Hulle probeer ook verstaan waarom 'n oortreder 'n misdaad pleeg. In sommige gevalle staan hulle as profielsamestellers bekend. Profiel-samestellers stel 'n sielkundige profiel van die oortreder saam nadat hulle die misdaadtoneel en ander getuienis wat met die misdaad verband hou, geëvalueer het. Hierdie profiel help die polisie om die oortreder te identifiseer en te verstaan en help hulle uiteindelik om die misdadiger vas te trek. Hierdie sielkundiges tree ook op as hofgetuies wat 'n mening gee oor 'n verweerder se bevoegdheid om tereg te staan.Hulle doen ook aanbevelings oor vonnisoplegging en behandeling.✓ (10)

8.2 **Aantekening aan die nasiener:**
Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Kriminoloë kan ook dokumente gebruik om inligting en getuienis in te samel. Dokumente is afkomstig van óf 'n amptelike bron, byvoorbeeld 'n staats-departement, óf 'n nieamptelike bron.✓

Amptelike dokumente is afkomstig van 'n amptelike bron, soos die polisie, strafregistersentrum of die hof, en kan dus as betroubaar aanvaar word Hierdie dokumente sluit in:

- 'n Polisiedossier – 'n saaklêer wat deur die polisie gehou word. Dit bevat verklarings, verslae en ander dokumente wat met 'n misdaadondersoek verband hou.✓
- SAP 69(c) – 'n polisiedokument wat 'n persoon se misdaadgeskiedenis aandui.✓
- Saaklêers van Departement van Korrektiewe Dienste – 'n lêer wat inligting bevat oor 'n gevangene, soos verslae deur maatskaplike werkers en sielkundiges, asook verslae oor die gevangene se gedrag en dissiplinêre oortredings.
  Nieamptelike dokumente is dokumente wat nie afkomstig is van 'n persoon of organisasie wat in 'n amptelike hoedanigheid optree nie, en kan insluit skriftelike dokumente of enige ander dokumente wat geëvalueer moet word om die betroubaarheid en geldigheid daarvan te bepaal. Dit is dus belangrik dat 'n kriminoloog 'n dokument se betroubaarheid vasstel, veral in die geval van 'n nieamptelike dokument.✓ (10) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou